# VOORWOORD

In Oktober 1999 het die Universiteit van die Vrystaat se Departement Geskiedenis 'n omvangryke internasionale konferensie gehou om die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog presies honderd jaar tevore te herdenk. Sommige van die referate wat tydens hierdie konferensie gelewer is, is in 'n spesiale uitgawe van die **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** (jaargang 25, nommer 2, Desember 2000) gepubliseer.

Ten einde die amptelike beëindiging van die oorlog, honderd jaar gelede, op 31 Mei 1902 te herdenk, en tegelykertyd ook die honderdjarige herdenking van die oorlog (kortweg na verwys as ABO100) op 'n akademiese wyse af te sluit, het die Universiteit van die Vrystaat se Departement Geskiedenis op 25 Mei 2002 'n dagseminaar oor die oorlog aangebied, en wel in samewerking met die Oorlogsmuseum in Bloemfontein.

Die meeste van die referate wat tydens laasgenoemde dagseminaar gelewer is, word in hierdie nuwe spesiale uitgawe van die **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** gepubliseer, asook enkele artikels wat spesiaal vir dié uitgawe geskryf is. Net soos met al die vorige uitgawes, kan die redaksie van die **Joernaal** nie verantwoordelikheid aanvaar vir die inhoud van die onderskeie artikels nie, maar word die artikels juis gepubliseer in die hoop dat dit die Anglo-Boereoorlog vanuit verskillende oogpunte sal belig en debat sal stimuleer. Die oorlog het immers al die inwoners van wat vandag Suid-Afrika is, op een of ander wyse beïnvloed, soos ook die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die twintigste eeu.

ABO100 het talle positiewe resultate opgelewer, byvoorbeeld dat derduisende Suid-Afrikaners van alle rasse vir die eerste keer werklik kennis gemaak het met die geskiedenis van die mees ingrypende oorlog wat tot nog toe op Suid-Afrikaanse bodem gevoer is. Die afgelope paar jaar is 'n groot aantal nuwe boeke en artikels oor die oorlog gepubliseer, asook talle nuwe romans en kortverhale. Hoewel ABO100 nou iets van die verlede is, is daar nog heelwat navorsing wat gedoen kan word en duur die diskoers in verband met die Anglo-Boereoorlog (en die wyse waarop dit herdenk is) voort.

# PREFACE

In October 1999 the Department of History of the University of the Free State hosted a comprehensive international conference to commemorate the outbreak of the Anglo-Boer War exactly a hundred years previously. Some of the papers read during that conference were published in a special edition of the **Journal for Contemporary History** (volume 25, number 2, December 2000).

In order to commemorate the official ending of the war a hundred years ago on 31 May 1902, and simultaneously also concluding the centenary of the war (briefly referred to as ABW100) academically, the Department of History of the University of the Free State hosted a day seminar on the war on 25 May 2002, in conjunction with the War Museum in Bloemfontein.

Most of the papers delivered during the latter day seminar, are published in this new special edition of the **Journal for Contemporary History**, as well as a few articles which have been specially written for this edition. As was the case with all the previous editions, the editorial board cannot accept responsibility for the contents of the articles, but publishes these articles in the hope that they will throw light on the Anglo-Boer War from different angles and that debate will be stimulated. The war indeed influenced all the inhabitants of what is today called South Africa in some way or the other, in the same way as it influenced the course of South African history during the twentieth century.

ABW100 produced several positive results, for example that thousands of South Africans of all races for the first time became acquainted with the history of the most far-reaching war that has so far been fought on South African soil. During the last few years a large number of new books and articles on the war have been published, as well as numerous new novels and short stories. Although ABW100 is now something of the past, much research still has to be done and in the meantime the debate on the Anglo-Boer War (and the way in which it was commemorated) continues.